

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
 VAN SUIDWES - AFRIKA.
OFFICIAL GAZETTE



UITGAWE OP GESAG.

EXTRAORDINARY
 OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Woensdag, 26 Junie 1957. WINDHOEK Wednesday, 26th June, 1957. No. 2093.

INHOUD

CONTENTS

	<i>Bladsy</i>		<i>Page</i>
GOEWERMENSKENNISGEWING—		GOVERNMENT NOTICE—	
No. 158. Ordonnansies 1957: Uitvaarding van	666	No. 158. Ordinances, 1957: Promulgation of	666

Goewermentskennisgewing.

Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,
Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.

C. F. MARAIS,
Acting Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,
 Windhoek.

Administrator's Office,
 Windhoek.

No. 158.]	[26 Junie 1957.	No. 158.]	[26th June, 1957.
ORDONNANSIE, 1957: UITVAARDIGING VAN.		ORDINANCE, 1957: PROMULGATION OF.	

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925” (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansie wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South-West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

	<i>Bladsy</i>		<i>Page</i>
No. 48. Munisipale Wysigingsordonnansie 1957	667	No. 48. Municipal Ordinance Amendment Ordinance, 1957	667

No. 48 van 1957.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op munisipaliteite.

(Goedgekeur 13 Junie 1957.)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *veertien* van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

„Diskwalifikaasies.

14. (1) Niemand wat nie 'n blanke is nie, of wat 'n lid is van die raad van enige ander munisipaliteit of 'n lid is van 'n dorpsbestuur, niemand wie se boedel ten behoeve van sy skuldeisers afgestaan is, geen insolvent wat nie gerehabiliteer is nie, niemand wat te eniger tyd aan enige oortreding skuldig bevind is, en wat gestraf is met gevangenis sonder die keuse van 'n boete, tensy sy gevangenisstraf minstens vyf jaar voor sy verkiesing verstryk het, geen kranksinnige persoon, niemand wat reeds drie maande lank agterstallig is met die betaling van sy stadsbelasting, gelde of bedrae (insluitende rente) wat hy aan die munisipaliteit skuld, niemand wat by hierdie wet onbevoeg of gediskwalifiseer is, kan as raadslid van 'n munisipaliteit gekies word of aanbly nie, en as 'n aldus gediskwalifiseerde persoon vir verkiesing benoem word, is die benoeming ongeldig, en moet die kiesbeampte dit verwerp: Met dien verstande dat enige kieser geregtig is om die optrede van die kiesbeampte by die Hoë Hof van Suidwes-Afrika in hersiening te bring.

(2) Waar 'n raadslid langer as drie maande in gebreke bly met die betaling van die stadsbelasting, gelde of bedrae (insluitende rente) wat hy aan die munisipaliteit skuld, moet die stadsklerk hierdie feit aan die burgemeester rapporteer, en die burgemeester laat die stadsklerk 'n skriftelike kennisgewing per aangetekende pos aan sodanige raadslid bestel, waarin vermeld word dat sodanige raadslid aldus in gebreke bly en waarin sodanige Raadslid gewaarsku word dat, tensy sodanige agterstallige belasting, gelde of bedrae (insluitende rente) binne 'n tydperk van veertien dae na die datum van die kennisgewing betaal word, die burgemeester sodanige raadslid ontsetel en sy amp vakant sal verklaar.

Versuim sodanige raadslid om sodanige agterstallige stadsbelasting, gelde of bedrae (insluitende rente) binne voormelde tydperk van veertien dae ten volle te betaal, verklaar die burgemeester sodanige raadslid as ontsetel en sy amp vakant.”

No. 48 of 1957.]

ORDINANCE

To amend the law relating to Municipalities.

(Assented to 13th June, 1957.)

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The following section is hereby substituted for section *fourteen* of the Municipal Ordinance, 1949 (Ordinance 3 of 1949), hereinafter called the principal Ordinance:—

“Disqualifications.

14. (1) No person who is not a European or who is a member of the council of any other municipality or is a member of any village management board, no person whose estate is under assignment in trust for his creditors, no insolvent who has not obtained his rehabilitation, no person convicted at any time of any offence for which imprisonment without option of a fine has been imposed as a punishment unless his period of imprisonment has expired at least five years prior to his election, no person of unsound mind, no person who shall be in arrear for a period of three months in respect of rates, fees or monies, (including interest), due to the municipality, no person who is not qualified or who is disqualified by this law shall be capable of being elected or of continuing a councillor of any municipality, and in case any person so disqualified is nominated for election the nomination shall be void and shall be rejected by the returning officer: Provided that it shall be competent for any voter to bring the action of the returning officer on review before the High Court of South West Africa.

(2) Where a councillor remains in default with the payment of rates, fees or monies, (including interest), due by him to the municipality for more than three months, this fact shall be reported by the town clerk to the mayor who shall cause the town clerk to serve on such councillor a notice in writing under registered cover stating that the said councillor is so in default and warning such councillor that unless such arrear rates, fees or monies, (including interest), are paid within a period of fourteen days from the date of such notice, such councillor shall be declared by the mayor to be unseated and his seat vacant.

Should such councillor fail within such period of fourteen days aforesaid to pay in full such arrear rates, fees or monies, (including interest), the mayor shall declare such councillor to be unseated and his seat vacant.”

2. Artikel *sestien* van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

„Kontrakte waarby raadslede belang het.

16. (1) Geen raadslid of sy gade mag, hetsy om eie ontwil of dié van sy gade, of ten behoeve van 'n vennootskap, firma of maatskappy of ander handelsliggaam met regspersoonlikheid waarin hy of sy gade belange het, 'n kontrak met die raad aangaan of, met die oog op so 'n kontrak met die raad, onderhandel nie, as hy of sy gade regstreeks of onregstreeks geldelike belange in so 'n kontrak het of sal kry nie; nóg mag hy, as hy 'n advokaat of prokureur is, regstreeks of onregstreeks as advokaat of prokureur optree teen die raad vir enige-mand in enige siviele of strafregtelike saak of geding wat die raad teen so 'n persoon, of so 'n persoon teen die raad, ahangig maak het nie, tensy sodanige raadslid, waar dit oor 'n strafregtelike saak gaan, vooraf die raad se eenparige toestemming daartoe verkry het, met dien verstande dat die onderstaande soorte kontrakte uitgesonderd word:—

- (i) toevallige aankope teen 'n waarde van hoogstens £15 per maand of 'n enkele transaksie van hoogstens £100 een keer per finansiële jaar as die burgemeester so 'n enkele transaksie skriftelik gemagtig het, en dit aan die raad meedeel is;
- (ii) 'n kontrak met 'n beperkte maatskappy soos bepaal by die Maatskappyordonnansie 1928 (Ordonnansie 19 van 1928) of enige ander handelsliggaam met regspersoonlikheid waarin die raadslid of sy gade geen belange het nie buiten dié van 'n gewone aandeelhouer, as hulle saam hoogstens 33 $\frac{1}{3}$ % van so 'n maatskappy se aandele hou, of met 'n vereniging wie se winste nie aangewend word tot geldelike voordeel van sy lede nie;
- (iii) 'n kontrak vir die lewering deur die raad van 'n diens of artikel teen die gewone openbare tariefgelde;
- (iv) die verkoop of koop van eiendom per openbare veiling of deur openbare tender.

(2) Wanneer die stadsklerk opdrag ontvang van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, nadat laasgenoemde 'n skriftelike verslag of klagte ontvang het waaruit dit vir hom blyk dat daar bewys *prima facie* bestaan dat 'n raadslid die bepalings van hierdie artikel oortree het, of waar dit middels 'n skriftelike verslag of klagte onder die stadsklerk se aandag gebring word, of waar hy rede het om aan te neem dat daar bewys *prima facie* bestaan dat 'n raadslid die bepalings van hierdie artikel oortree het, moet die onderstaande prosedure gevolg word:—

- (a) die stadsklerk moet die omstandighede onmiddellik aan die burgemeester meedeel;
- (b) binne sewe dae na ontvangs van die bogenoemde verslag of klagte moet die stadsklerk 'n vergadering van die raad byeenroep;
- (c) by sodanige vergadering moet die raad op die saak ingaan en binne veertien dae na die datum van sodanige vergadering moet die raad sy bevindings en aanbevelings skriftelik aan die Administrateur voorlê: Met dien verstande dat geen bepaling in hierdie sub-artikel die Administrateur belet om 'n komitee van ondersoek *ex mero motu* aan te stel nie;

2. The following section is hereby substituted for section *sixteen* of the principal Ordinance:—

“Contracts in which councillors are interested.

16. (1) No councillor or his spouse shall, either on his own behalf or that of his spouse, or on behalf of any partnership, firm or company or other corporate trading body in which he or his spouse is interested, enter into or negotiate for any contract with the council, if he or his spouse has or would derive any direct or indirect pecuniary interest in such contract; nor, being an advocate or attorney shall he directly or indirectly act as such advocate or attorney against the council for any person in any civil or criminal matter or case instituted by the council against such person or by such person against the council, unless such councillor, where it concerns a criminal case, has previously obtained the council's unanimous permission, provided that contracts of the following kinds shall be excepted:

- (i) casual purchases up to £15 per month or any single transaction not exceeding £100 once in every financial year, if such single transaction shall have been authorised in writing by the mayor and is reported to the council;
- (ii) a contract with a limited company as defined by the Companies Ordinance 1928 (Ordinance 19 of 1928), or any other corporate trading body in which the councillor or his spouse has no other interest than that of an ordinary shareholder, if between them they hold not more than 33 $\frac{1}{3}$ % of the shares in such company or with an association whose profits are not applied to the pecuniary benefit of its members;
- (iii) a contract for the supply by the council of a service or thing at the ordinary public tariff charges;
- (iv) a sale or purchase of property by public auction or public tender.

(2) Where the town clerk is instructed by the Secretary for South West Africa after the latter has received a written report or complaint from which it appears to him that there is *prima facie* proof that the provisions of this section have been contravened by a councillor or where it is brought to the notice of the town clerk by means of a written report or complaint or where he has reason to believe that there is *prima facie* proof that the provisions of this section have been contravened by a councillor, the following procedure shall be adopted:—

- (a) The town clerk shall immediately report the circumstances to the mayor;
- (b) within seven days of the receipt of the aforementioned report or complaint the town clerk shall convene a meeting of the council;
- (c) at this meeting the council shall investigate the matter and shall within fourteen days of the date of such meeting, submit its findings and recommendations to the Administrator in writing: Provided that nothing in this sub-section contained shall prevent the Administrator from instituting *ex mero motu* a committee of enquiry;

(d) die Administrateur oorweeg die verslag en aanbevelings van die raad sodra moontlik, asook die verslag van die komitee van ondersoek, as daar so 'n verslag is, en, met betrekking tot die bepalings van hierdie artikel, bevind hy dat die betrokke raadslid —

- (i) die bepalings van hierdie artikel nie oortree het nie, en dan behou die raadslid sy amp; of
- (ii) die genoemde bepalings wel oortree het, maar dat sy optrede onopsetlik en in die openbare belang was, en dan behou die raadslid sy amp; of
- (iii) hierdie artikel oortree het en dat die versagtende omstandighede wat paragraaf (ii) noem, afwesig is, en dan verbeur die raadslid sy amp.

Die Administrateur stel die stadsklerk onmiddellik skriftelik in kennis van sy beslissing, en die stadsklerk moet die beslissing onverwyld aan die betrokke raadslid oordra. Waar die beslissing ooreenkomstig sub-paragraaf (iii) geskied, moet hy onmiddellik kragtens hierdie Ordonnansie stappe doen om die vakature te vul wat aldus geskep word.

(3) Waar 'n raadslid of sy gade geldelike belange het — hetsy om sy eie ontwil of die van sy gade, of ten behoeve van enige vennootskap, firma of maatskappy of ander handelsliggaam met regs persoonlikheid, waarin hy of sy gade regstreekse of onregstreekse geldelike belange het of kan verkry — in 'n kontrak met die munisipaliteit vir die lewering van 'n diens of goedere, hetsy ingevolge so 'n kontrak die raad of dan wel die ander kontraktant sodanige diens of goedere lewer, is dit die plig van so 'n raadslid om voor of op die raadsvergadering waarop sodanige kontrak goedgekeur word as sy belange dan bestaan, of as hulle daarna verwerf word, dan binne 'n redelike tydperk, maar in elk geval hoogstens een maand na die verwerwing van sodanige belange, dit aan die raad te openbaar, en as sodanige openbaarmaking nie op 'n vergadering van die raad geskied nie, moet dit middels 'n brief wat aan die stadsklerk gerig en afgelewer moet word, gedoen word, en die stadsklerk moet op die eerste vergadering na ontvangs van sodanige brief verslag daaroor aan die raad doen, en enige sodanige openbaarmaking moet aangeteken word in die notule van daardie raadsvergadering waarop die raadslid sy openbaarmaking gedoen het of die stadsklerk sodanige openbaarmaking gerapporteer het, en die raad moet dit onmiddellik skriftelik aan die Administrateur rapporteer.

(4) 'n Raadslid wat hierdie artikel oortree deur te versuim om sy belange in 'n kontrak met die munisipaliteit te openbaar soos hierby vereis word, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond, en die hof wat hom veroordeel, kan beveel dat hy rekenskap gee van enige winste wat hom ten opsigte van so 'n kontrak toeval, en hulle aan die raad uitbetaal, en dat hy sy amp moet ontruim, en daarop word sy amp vakant: Met dien verstande egter dat die hof nie so 'n bevel doen nie as daar bewys word dat 'n raadslid se versuim om so 'n openbaarmaking te doen, te wyte was aan siekte, afwesigheid buite die munisipaliteit, vergissing, onopsetlikheid of 'n ander dergelike oorsaak, en nie aan kwade trou nie."

(d) The Administrator shall as soon as possible consider the report and recommendations of the council as well as the report, if any, of such committee of enquiry and shall find, relative to the provisions of this section, that the councillor in question —

- (i) has not contravened the provisions of this section, in which case the councillor shall retain his seat; or
- (ii) has contravened the said provisions, but that the action of the councillor was inadvertent or was in the public interest, in which case the councillor shall retain his seat; or
- (iii) has contravened this section and that the mitigating circumstances mentioned in sub-paragraph (ii) are absent, in which case the councillor shall forfeit his seat.

The Administrator shall forthwith notify the town clerk of his decision in writing and the latter shall immediately inform the councillor in question thereof and in the case of sub-paragraph (iii) he shall take immediate steps in terms of this Ordinance to fill the vacancy so created.

(3) Where any councillor or his spouse is pecuniarily interested either on his own behalf or on that of his spouse, or on behalf of any partnership, firm or company or other corporate trading body in which he or his spouse has or would derive any direct or indirect pecuniary interest in any contract with the municipality for the performance of any service or the supply of any material, whether under such contract such service is to be performed or such material is to be supplied by the council or the other party to the contract, it shall be the duty of such councillor, before or at the meeting of the council at which such contract is approved, if his interest then exists, or if his interest is subsequently acquired, then within a reasonable time and in any case not later than one month after the acquisition of such interest, to disclose the same to the council, and such disclosure, if not made at a meeting of the council, shall be made by letter addressed and delivered to the town clerk, which shall be reported by him to the council at the first meeting held after the receipt of such letter, and any such disclosure shall be entered in the minutes of the meeting of the council at which the same is made by the councillor or reported by the town clerk, and shall forthwith be reported in writing by the council to the Administrator.

(4) Any councillor who contravenes this section by omitting to disclose his interest in any contract with the council as hereby required shall be liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds, and the court before which he is convicted may order that he shall account for and pay over to the council any profits which may accrue to him in respect of such contract, and that he shall vacate his seat and his seat shall thereupon become vacant: Provided, however, that the court shall not make such order if it is proved that the omission of any councillor to make such disclosure was due to illness, absence from the municipality, mistake, inadvertence or some other like cause, and was not due to any want of good faith."

3. Artikel *sewentien* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die voorbehoud daarvan te vervang deur die onderstaande voorbehoud:—

„Met dien verstande dat waar raadslede ingevolge 'n besluit van die raad gemagtig is om weens raadsake te reis die onderhoudstoelae aan hulle betaal kan word wat die Administrateur van tyd tot tyd in die *Offisiële Koerant* voorskryf: Met dien verstande voorts dat die raad besluit watter soort vervoer so 'n raadslid moet gebruik, en dat die raad of self sodanige vervoer kan verskaf of die raadslid kan vergoed vir die nodige uitgawes wat hy in verband met sodanige vervoer aangegaan het.”

4. Artikel *twee-en-twintig* van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

„Bedanking
deur raadslede.

22. Elkeen wat tot die amp van burgemeester, onderburgemeester, raadslid of adviseur van 'n komitee van 'n raad gekies of aangestel is, kan middels 'n skriftelike mededeling aan die stadsklerk uit sodanige amp bedank, en van die datum waarop die stadsklerk sodanige mededeling ontvang het, of van die datum wat in sodanige mededeling genoem word, na gelang, hou so iemand op om burgemeester, onderburgemeester, raadslid of adviseur, na gelang, te wees.”

5. Artikel *drie-en-twintig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur —

(a) die vervanging van sub-artikel (2) deur die onderstaande sub-artikel:—

„(2) Wanneer ook al sodanige buitengewone vakature ontstaan, moet die stadsklerk sodra moontlik daarna verslag daarvan doen by die burgemeester of die Administrateur, na gelang, en daarop verklaar die burgemeester of die Administrateur, na gelang, sodanige raadslid se amp vakant.”

(b) die vervanging van sub-artikel (3) deur die onderstaande sub-artikel:—

„(3) Vakatures wat ontstaan weens die redes genoem in paragrawe (a) en (b) van sub-artikel (1) hiervan, word deur die burgemeester as sodanig verklaar, of as hy versuim om dit binne 'n redelike tyd te doen, deur die Administrateur.

Vakatures wat ontstaan weens die redes genoem in paragrawe (c), (d), (e) en (f) van sub-artikel (1) kan, onderhewig aan 'n beroep op die Hoë Hof van Suidwes-Afrika, deur die Administrateur as sodanig verklaar word, na sodanige ondersoek soos hy nodig en behoorlik ag, of deur die genoemde Hoë Hof in enige proses waarin sodanige onbevoegdheid of diskwalifikasie bewys word, of deur enige hof wat weens enige oortreding 'n diskwalifiserende vonnis vel. By 'n beroep teen die optrede van die Administrateur hieringevolge, kan die Sekretaris van Suidwes-Afrika, of persoonlik of deur 'n advokaat, namens die Administrasie verskyn.”

6. Artikel *vyf-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby herroep.

7. Artikel *ses-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord „ontstaan” waar ook al dit voorkom, te vervang deur die woorde „verklaar word.”

8. Artikel *ses-en-veertig bis* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord „ontstaan” waar dit vir die eerste keer voorkom, te vervang deur die woorde „verklaar word”, en die woorde „Ontstaan so 'n vakature egter” te vervang deur die woorde „Word so 'n vakature egter verklaar.”

3. Section *seventeen* of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution of the following proviso for the proviso thereto:—

“Provided that councillors authorised by resolution of the council to travel on council business may be paid such subsistence allowance as the Administrator may by notice in the *Official Gazette* from time to time prescribe: Provided further that the council shall decide on the form of transport to be used by such councillor and that the council may either provide such transport or reimburse such councillor for any necessary expenditure incurred by him in connection with such transport.”

4. The following section is hereby substituted for section *twenty-two* of the principal Ordinance:

“Resignation
of
councillors.

22. Any person elected or appointed to the office of mayor, deputy mayor, councillor or adviser of a committee of a council may resign such office by written communication addressed to the town clerk, and such person shall cease to be mayor, deputy mayor, councillor or adviser as the case may be, from the date of the receipt of such communication by the town clerk or from any date specified in such communication as the case may be.”

5. Section *twenty-three* of the principal Ordinance is hereby amended by:

(a) the substitution of the following sub-section for sub-section (2):—

“(2) Whenever such extraordinary vacancy occurs the town clerk shall as soon as possible thereafter report the same to the mayor or the Administrator, as the case may be, and the mayor or the Administrator, as the case may be, shall thereupon declare the seat of such councillor vacant.”

(b) the substitution of the following sub-section for sub-section (3):—

“(3) Vacancies on the grounds mentioned in paragraphs (a) and (b) of sub-section (1) hereof shall be declared by the mayor, or in his default, within a reasonable time, by the Administrator.

Vacancies on the grounds mentioned in paragraphs (c), (d), (e) and (f) of sub-section (1) may, subject to an appeal to the High Court of South West Africa, be declared by the Administrator after such inquiry as he may deem necessary and proper, or by the said High Court in any proceedings in which any such disqualification is established or by any court passing any disqualifying sentence for any offence. In the case of an appeal against the Administrator's action hereunder the Secretary for South West Africa may appear on behalf of the Administration either personally or through counsel.”

6. Section *forty-five* of the principal Ordinance is hereby repealed.

7. Section *forty-six* of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution of the words “is declared” for the words “occurs” and “occur” wherever they appear.

8. Section *forty-six bis* of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution of the words “is declared” for the word “occurs” wherever it appears.

9. Artikel *agt-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

„Kennisgewing van verkiesing.

48. (1) Behoudens die bepalings van artikels *ses-en-veertig* en *ses-en-veertig bis* moet die kiesbeampte binne sewe dae van die verklaring van 'n vakature in die raad, hetsy sodanige vakature deur verloop van tyd ontstaan het of 'n buitengewone vakature is, 'n kennisgewing plaas in een of meer nuusblaai wat binne die munisipaliteit omloop, en sodanige kennisgewing buite die kantoor van die raad aanplak en aangeplak hou, en in sodanige kennisgewing moet hy 'n dag bepaal, hoogstens *een-en-twintig* en minstens veertien dae na die datum van sodanige kennisgewing, as die nominasiedag vir die verkiesing van kandidate, en hy moet vereis dat alle sodanige kandidate voor elfuur voormiddag op die nominasiedag op 'n plek binne die munisipaliteit wat sodanige kennisgewing aangee en op die wyse hieronder beskryf, benoem moet word: Met dien verstande dat waar 'n munisipaliteit in wyke verdeel is, waar al die raadslede saam weens verloop van tyd aftree, die kiesbeampte die kennisgewings wat hierdie artikel en artikel *drie-en-veertig* vereis, lank genoeg voor die werklike aftreedatum van sodanige raadslede kan publiseer, om toe te laat dat die verkiesing van hul opvolgers, as daar 'n verkiesing moet plaasvind, binne sewe dae na die datum van hul aftrede gehou word. As hierdie prosedure gevolg word, en die getal benoemde kandidate minder is as, of gelyk is aan, die getal vakatures, word die aldus benoemde kandidate as verkose verklaar van die datum waar- op hul voorgangers aftree.

By 'n eerste verkiesing van raadslede in 'n munisipaliteit wat na die inwerking-treding van hierdie Ordonnansie gestig is, word die kennisgewing wat hierin genoem word, deur die magistraat van die distrik gepubliseer, en moet hy dit ook buite sy kantoor aanplak en aangeplak hou.

(2) 'n Raadslid wat verkies word om 'n buitengewone vakature te vul, aanvaar die amp onmiddellik na so 'n verkiesing en beklee die amp vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die raadslid wie se plek hy inneem, verkies was.

(3) By die toepassing van hierdie hoofstuk beteken 'n „buitengewone vakature” enige vakature in die amp van raadslid buiten 'n vakature wat deur verloop van tyd ontstaan het.”

10. Artikel *nege-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „Voor vier uur in die namiddag van die dag voor die nominasiedag” te vervang deur die woorde „Voor elfuur voormiddag op die nominasiedag.”

11. Artikel *drie-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die onderstaande woorde in te voeg na die woorde „stemplek aangegee word.”:—

„Die dag wat vir die verkiesing bepaal word, moet minstens veertien dae en hoogstens een-en-twintig dae na die nominasiedag wees.”

12. Artikel *ses-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande artikel:—

„Pligte van kiesbeampte.

56. Die kiesbeampte moet orde hou by die stemplek, moet reël hoeveel kiesers tegelyk toegelaat moet word, en moet alle ander persone, buiten die beamptes, die kandidate, die diensdoende konstabels en een agent vir elke kandidaat op een tydstep, uitsluit.”

9. The following section is hereby substituted for section *forty-eight* of the principal Ordinance:—

“Notice of election.

48. (1) Subject to the provisions of sections *forty-six* and *forty-six bis*, within seven days of the declaration of a vacancy on the council, whether such vacancy be by effluxion of time or an extraordinary one, the returning officer shall publish a notice in one or more newspapers circulating within the municipality and shall post such notice and keep it posted outside the offices of the council, and in such notice he shall specify a day, being not more than twenty-one and not less than fourteen days from the date of such notice, as the day of nomination of candidates for the election, and he shall require that all such candidates shall be nominated before 11 a.m. on the day of nomination at some place within the municipality to be fixed in such notice in the manner hereinafter provided: Provided that in the case of a municipality divided into wards where all the councillors retire together by effluxion of time, the returning officer may publish the notices required by this section and section *fifty-three* sufficiently far in advance of the actual date of retirement of the councillors as to permit of the election, if any, of their successors being held within seven days from the date of retirement. In the event of this procedure being adopted and the number of nominated candidates being less than or equal to the number of vacancies, the candidates thus nominated, shall be declared elected from the date of retirement of their predecessors.

In the case of a first election of councillors in any municipality constituted after the commencement of this Ordinance, the notice herein referred to shall be published by the Magistrate of the district, and shall be posted by him and kept posted outside his office.

(2) A councillor who has been elected to fill an extraordinary vacancy, shall assume office immediately after such election and he shall hold office for the unexpired portion of the period for which the councillor, whose place he has taken, had been elected.

(3) For the purposes of this chapter an “extraordinary vacancy” means any vacancy in the office of a councillor other than one occasioned by the effluxion of time.”

10. Section *forty-nine* of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution of the words “Before 11 a.m. on the day of nomination” for the words “Before four o'clock in the afternoon of the day before the day of nomination”.

11. Section *fifty-three* of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion of the following words after the words “polling place.”:—

“The day appointed for the holding of the election shall be not less than fourteen and not more than twenty-one days from the day of nomination.”

12. The following section is hereby substituted for section *fifty-six*:—

“Duties of returning officer.

56. The returning officer shall keep order at the polling place, shall regulate the number of voters to be admitted at a time and shall exclude all other persons except the officials, the candidates, the constables on duty, and one agent of each candidate at a time.”

13. Paragraaf (a) van sub-artikel (2) van artikel *eenhonderd sewen-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur —

- (a) die woord „inkomste” waar dit in die vyfde, negende en sestiende reël voorkom, te vervang deur die woord „uitgawe”;
- (b) die onderstaande woorde aan die slot daarvan in te voeg:—

„By die toepassing van hierdie sub-artikel beteken die uitgawe van 'n munisipaliteit die goedgekeurde beraamde uitgawe van die voorafgaande jaar uit inkomstefondse.”

14. Artikel *eenhonderd-agt-en-veertig* van die hoofordonnansie word hierby vervang deur die onderstaande artikels:—

„Stadsklerk en amptenare.

148. (1) Die raad stel van tyd tot tyd 'n stadsklerk en die nodige amptenare aan, mits daar voorsiening gemaak is vir sodanige betrekkings in die lopende begroting en in die vaste diensstaat van die raad en mits die Administrateur sowel die begroting en die vaste diensstaat, as die salarisskale van sodanige betrekkings skriftelik goedgekeur het.

(2) Elke vaste aanstelling in die betrekking van 'n hoof van 'n departement of teen 'n salarisskaal met 'n maksimum van £1200 per jaar, of meer of teen 'n vaste salaris van £1200 per jaar of meer is onderworpe aan die voorafverkreë goedkeuring van die Administrateur sowel wat betref die keuse van die amptenaar as die voorwaardes waarop hy aangestel word: Met dien verstande dat die raad geen sodanige amptenaar wat met die Administrateur se goedkeuring aangestel is, sonder die Administrateur se voorafverkreë skriftelike goedkeuring mag ontslaan of sy besoldiging mag verminder of tot meer as sy normale skaalverhoging mag vermeerder nie.

(3) Die raad kan persone tydelik in diens neem mits die Administrateur die betrokke uitgawe skriftelik goedgekeur het, en, as die grondloon of -salaris van so 'n tydelike werknemer hoër as £300 per jaar is, die Administrateur sodanige salaris of loon skriftelik goedgekeur het.

(4) 'n Amptenaar wat nie ingevolge hierdie artikel met die Administrateur se goedkeuring aangestel is nie, en wat deur die raad ontslaan word, kan hom skriftelik op die Administrateur beroep teen so 'n ontslag, mits sodanige beroep binne sewe dae na die ontslag gedoen word. Enige amptenaar wat hom aldus beroep moet terselfder tyd 'n afskrif van die beroep aan die stadsklerk van die betrokke munisipaliteit stuur, en die stadsklerk moet die afskrif met die eerste geleentheid aan die raad voorlê.

(5) Niemand mag as amptenaar van 'n munisipaliteit aangestel word as hy in die ses maande onmiddellik voor sodanige aanstelling 'n raadslid van daardie munisipaliteit was nie.

(6) Niemand mag ingevolge die bepalinge van hierdie artikel in 'n vaste hoedanigheid of op proef aangestel word nie, tensy hy van goeie karakter is, en vry is van enige geestelike of liggaamlike gebrek, siekte of swakheid wat die uitvoering van sy pligte waarskynlik kan belemmer of sy aftrede uit so 'n betrekking vroeër as op die voorgeskrewe aftree-ouderdom kan genoodsaak, en tensy hy minstens een jaar lank in die Unie of in die Gebied gewoon het: Met dien verstande dat iemand wat nie die bogenoemde woon-kwalifikasies het nie, aangestel kan word as die Administrateur oortuig is dat so

13. Paragraph (a) of sub-section (2) of section *one hundred and forty-seven* of the principal Ordinance is hereby amended by:—

- (a) the substitution of the word “expenditure” for the word “income” wherever it appears;
- (b) the insertion of the following words at the end thereof:—

“For the purposes of this sub-section the expenditure of a municipality shall mean the approved estimated expenditure of the previous year from revenue funds.”

14. The following sections are hereby substituted for section *one hundred and forty-eight* of the principal Ordinance:—

“Town clerk and officers.

148. (1) The council shall from time to time appoint a town clerk and such officers as may be necessary provided that provision has been made for such posts in the current estimates and on the fixed establishment of the council and that both the estimates and the fixed establishment, as well as the salary scales appertaining to such posts, have been approved by the Administrator in writing.

(2) Every appointment of a permanent nature in the post of a head of a department or on a salary scale with a maximum of £1,200 *per annum* or more, or at a fixed salary of £1,200 *per annum* or more, shall be subject to the prior approval of the Administrator both in regard to the selection of the officer and to the terms on which he is appointed: Provided that no such officer appointed with the approval of the Administrator shall be dismissed by the council or his emoluments reduced or increased beyond his normal scale increment, without the prior written approval of the Administrator.

(3) The council may employ persons on a temporary basis provided that the Administrator has in writing approved of the expenditure concerned and that, if the basic wages or salary of any person so temporarily employed is in excess of £300 *per annum*, such salary or wages have been approved in writing by the Administrator.

(4) Any officer who has not been appointed with the approval of the Administrator in terms of this section and who is dismissed by the council may appeal in writing to the Administrator against such dismissal provided that such appeal is made within seven days of such dismissal. Any officer so appealing shall at the same time forward a copy of such appeal to the town clerk of the municipality concerned and the latter shall lay such copy before the council at the earliest opportunity.

(5) No person shall be appointed as an officer of a municipality who has been a councillor of that municipality during the six months immediately preceding such appointment.

(6) No person shall be appointed under the provisions of this section in a permanent capacity or on probation unless such person is of good character and free from any mental or physical defect, disease or infirmity, which is likely to interfere with the performance of his duty or may render necessary his retirement therefrom earlier than the prescribed age of retirement, and unless he has resided for not less than one year in the Union or in the Territory: Provided that a person may be appointed who has not the aforesaid residential qualifications if the Administrator is satisfied that

'n aanstelling weens tegniese of professionele kwalifikasies of om 'n ander spesiale rede nodig of wenslik is: Met dien verstande voorts dat geen so 'n aanstelling gedoen mag word nie, tensy die Administrateur die raad skriftelik meegedeel het dat hy aldus oortuig is.

(7) Die amptenare in die diens van die raad is nie onderworpe aan opdragte of bevels van enige raadslid buiten die burge-meester of, by sy afwesigheid, die onderburge-meester nie. Sodanige opdragte of bevels moet sover moontlik middels die stadsklerk aan die departementele hoof of betrokke amptenaar oorgedra word, en hulle mag nie onbestaanbaar wees met staande besluite of met die verklaarde beleid van die raad nie, nóg mag hulle uitgawes meebring waarvoor daar geen voorsiening in die goedgekeurde begroting van die raad gemaak is nie. Die bepalings van sub-artikel (2) van artikel *eenhonderd-agt-en-veertig bis* geld met die nodige veranderinge ook hierdie sub-artikel.

(8) Die Raad kan vervoertoelae betaal teen 'n tarief per myl wat die Administrateur goedkeur, aan sodanige van sy werknemers wat hul private voertuie in die diens van die raad moet gebruik. Onderhewig aan die Administrateur se goedkeuring in elke besondere geval kan die raad ook toelae betaal aan sy werknemers ten opsigte van bykomende pligte wat sodanige werknemers verrig wanneer hulle 'n hoër betrekking waarneem, of om ander redes wat die Administrateur genoegsaam ag.

